RÜSEN, JÖRN: STUDIES IN METAHISTORY. RGN, Pretoria, 1993. Geen prys vermeld nie.

Jörn Rüsen, 'n historikus en filosoof van die Universiteit van Bielefeld, is vandag een van die bekendste denkers en skrywers oor teoretiese, en veral wysgerige-didaktiese, aspekte van Geskiedenis. Hy is 'n bekende besoeker aan Suid-Afrika en deur sy deelname aan akademiese geleenthede hier te lande, bestaan daar 'n besondere belangstelling in Suid-Afrika in sy idees. Saam met die Groningense wetenskapsfilosoof F.R. Ankersmit verteenwoordig hulle werk tans van die belangrikste vormende kontinentale bydraes oor die hedendaagse debat oor die aard en waarde van historiese kennis.

'n Mens is daarom besonder erkentlik teenoor die RGN vir die moeite wat hulle gedoen het om Rüsen nie net deur sy besoeke nie, maar veral nou deur hierdie publikasie, bekend te stel. 'n Mens vertrou dat hulle mettertyd ook dieselfde met Ankersmit sal doen. Hierdie publikasies bevat 'n aantal van Rüsen se interessantste en oorspronklikste bydraes waarvan enkeles uit die oorspronklike Duits vertaal is. Hierdie bundeling en toeganklik maak van bronne wat andersins nie vir Suid-Afrikaners geredelik beskikbaar sou wees nie, is 'n groot diens wat die RGN aan die wetenskap lewer.

Diegene wat saam met Rüsen simposia en seminare bygewoon het, sal iets van sy humoristiese skerpsinnigheid en dinamiese dialoog selfs in die gesiglose bladsye van 'n boek terugvind. Kyk maar na die vernuftige en prikkelende wyse waarop hy die verhaal van die Maclean's en die MacConisch gebruik om die ontwikkelingsorde van die historiese verhaal as singewing aan die geskiedenis te hanteer (pp. 63-81).

Die bundeling is onder drie temas saamgevat. Die eerste drie hoofstukke handel oor die teoretiese grondslae of wetenskapsfilosofiese beginsels van die geskiedwetenskap. Dit is vanselfsprekend 'n klein en beperkte keuse uit Rüsen se bydraes wat 'n wye terrein dek: sy eietydse kyk op die vraagstuk van objektiwiteit in die geskiedwetenskap; die aanbiedingsvorme van geskiedenis, in besonder 'n diepsinnige ontleding van die verhalende vorm as die unieke historiese vormgewing aan kennis en wetenskap; die ontwikkeling van die historiografie, in besonder die diepgaande debat oor en vernuwing van die Duitse geskiedskrywing ná 1945; en na my oordeel sy betekenisvolste bydrae nl. die besinning vanuit 'n psigologiese, filosofies en didaktiesopvoedkundige perspektief oor die aard en wese van die historiese bewussyn.

Die tweede afdeling sluit juis twee bydraes in wat aan die morele en didaktiese aspekte van die ontwikkeling van historiese bewussyn besondere aandag gee. Die sewe hoofstukke in afdeling drie is meer historiografies van aard, maar juis daarom 'n weerspieëling van beginsels en funksies in die lig van die praktiese geskiedskrywing, eerder as vanuit 'n filosofies-teoretiese hoek.

ONDERWYS

Vir die onderwys is daar veral drie aspekte van Rüsen se werk wat van besondere belang is:

- Sy ontleding van die aard, ontwikkeling en funksie van 'n historiese bewussyn as Geskiedenis se belangrike vormende en opvoedkundige bydrae.
- Sy beredenering van die verskynsel van identiteitsvorming en die rol wat opvoeding in en onderrig en kennis van die geskiedenis hierin speel.
- Sy beskouinge oor geskiedenis se verhalende vermoë as 'n evolusionêre ontwikkelingsgang waardeur verskillende vlakke van kognitiewe vermoëns ontwikkel en gereflekteer word.

In 'n kort bespreking soos hierdie het 'n mens nie die ruimte om enigsins aan al drie reg te laat geskied nie. Om die leser te prikkel om verder te lees, word net oor laasgenoemde iets meer gesê. Dit is terloops een van Rüsen se verdienstelikhede dat hy nie 'n suiwer filosofies-teoretiese kyk op sake het nie, maar dat sy historiografiese kennis en studie hom in staat stel om vanuit 'n historiese kennisbasis te redeneer. Historici kan hom dus nie die tradisionele verwyt toewerp dat hy filosofeer en teoretiseer oor wat hy meen historici behoort te skryf en te doen nie, in plaas daarvan om aandag te gee aan wat hulle werklik doen.

Rüsen onderskei vier fases of vlakke van die geskiedenisverhaal en elkeen van die fases of vlakke beoordeel hy dan aan die hand van die ses elemente van 'n historiese bewussyn soos dit in elke fase of vlak gereflekteer word. Dit word trouens in 'n tabelvorm op bladsy 81 saamgevat. Die vier fases of vlakke is: die tradisionele, die eksemplariese, die kritiese en die genetiese. Die ses elemente van historiese bewussyn wat op een of ander wyse in elkeen gereflekteer word, is: menslike ervaring; die identifisering van patrone van historiese betekenis; die individu se eksterne en sy interne oriëntering teenoor vraagstukke, verskynsels, gebeure en waardes; die wyse waarop die beelding van die historiese verhaal 'n relasie tot morele waardes skep; en laastens hoe dit 'n relasie tot 'n morele rasionaliteit moontlik maak.

Die tradisionele en die eksemplariese vlakke van die historiese verhaal oorheers in die skoolsillabusse omdat hulle die maklikste is om oor te dra en aan te leer. Die kritiese, wat Rüsen as 'n kontra-verhaal en 'n "dekonstruksie-kode" tipeer, wat homself definieer deur die ander drie te ontken, is raar in onderrig, terwyl die genetiese 'n volwassenheid en insig vereis waaroor weinig onderriggewers beskik.

DROMER?

Dit wil dus skyn of Rüsen die tipiese akademikus is: die sitkamerheld wat onbereikbare utopieë skep. Tog is dit nie so nie. Rüsen beklemtoon self die noodsaaklikheid van aansienlike empiriese navorsing om die moontlikheid van die bereiking van die ideaal te toets en te ontwikkel. Dit is daarom insiggewend dat hy beklemtoon dat Duitsland en Suid-Afrika eintlik die beste materiaal vir empiriese studies van hierdie aard bied.

Dit is 'n bevestiging van die opwindende moontlikhede en geleenthede vir onderwysers, opvoedkundiges en historici om hulle op 'n nuwe terrein van interdissiplinêre samewerking in die geskiedenis te begeef.

P.H.K.